23 MAART 2020
HERDERSBRIEF #9

Geliefde Gemeente,

Weer eens is dit my voorreg om hierdie skrywe aan elkeen te rig.

Ek neem die vrymoedigheid om met u te kommunikeer en die gebed van my hart, vir elkeen van u, met u te deel.

“Onse Hemelse Vader: U goedertierenheid is tot in alle ewigheid. Vergewe ons genadiglik, al ons skulde, net soos ons ons skuldenaars vergewe.

Ek dank U vir die Gawe van die Ewige lewe; ek dank U dat U ons in Christus Jesus met Uself versoen het. Bewaar ons genadiglik; dat nie een van ons die Heilige Gees bedroef nie. Bewaar elkeen van ons teen enige vorm van weerbarstigheid en ‘n aanmatigende houding. Bewaar ons teen wederstrewigheid.

Ek bid dat U in elkeen se behoefte sal voorsien. Skenk ons die wysheid hoe om ons bedryf te bestuur en te administreer. Die wysheid om in lig te wandel en te kommunikeer. Die genade, om te volhard en ons oë op Jesus te hou: die Voleinder van ons geloof. Die genade om toe te laat, dat die Heilige Gees ons leer en die Heilige Gees ons lei. Bewaar ons teen enige vorm van eiesinnigheid.

Seën elkeen met liggaamlike krag en lewenslus. Skenk elkeen om Jesus ontwil die jeug van ‘n arend. Dankie vir U voorsiening in elkeen se behoeftes.

U laat U aangesig oor ons skyn en U gee aan ons vrede om Jesus ontwil.
Amen.”

Verlangende groete,

Ds. J.F. Landmann
Presiderende Leraar

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984

15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335